

# Beeld Sport

Dinsdag | 26 Januarie 2016 | BL. 20 | E-pos: sport@sport24.co.za |  
Facebook: Sport/koerante | Twitter: @Netwerk24sport

## Nzima nael puik binnelandse tyd in 10 000 m

Johannesburg. – Daar is weer lewe in die 10 000 m in Suid-Afrika.

Die 29-jarige Sibusiso Nzima (Nedbank) het Saterdag op 'n byeenkoms van Sentraal-Gauteng in Germiston 'n puik binnelandse tyd van 28:48 aangeteken.

Nzima het sy beste tyd – 28:31.51 – vyf jaar gelede op kusvlak in Durban gehardloop.

Hy en die Pretorianer Stephen Moko ka kan mekaar in April op die SA

Atletiekbyeenkoms in Stellenbosch aanspoor om die Olimpiese kwalifiseringsmaatstaf (28:00) te oortref.

Die Olimpiese marathonatleet Irvette van Zyl het Saterdag die George Claassen-wedloop oor 10 km in Pretoria op 'n moeilike roete in 'n uitstekende 33:30 gewen.

Sy hoop ook om op die SA byeenkoms in die 10 000 m te kwalifiseer. Die maatstaf is 32:15. – **Sarel van der Walt**